OOSTELIKE SINODE

2023

16 Januarie 2023

Vir aandag: Kerkkantore, leraars en Kerkrade

SPERDATUM
3 FEBRUARIE 2023

SALARIS ADMINISTRASIE – DIE SINODE WIL HELP

Ons het op 9 Desember 2022 die volgende skrywe na gemeentes gestuur:

"Salaris administrasie is onderhewig aan verskeie regulasies en wetgewing wat veroorsaak dat dit kompleks en uitdagend is. Wanneer foute insluip, word mense se sakke geraak en kan dit komplikasies by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens veroorsaak. Sommige van ons gemeentes kan nie bekostig om 'n kundige persoon in die rol aan te stel nie, en daarom bied die Sinode aan om die salarisrol van hierdie gemeentes **kosteloos** oor te neem."

Wat dit behels:
Kerkrade neem – soos nog altyd – die besluite oor die vergoeding van alle werknemers. Dit word opgeneem in die begroting van die kerkraad.

Die Sinode sal die administratiewe kant hanteer. Dit sluit in die invoer van data soos deur die kerkkantoor voorsien, salarisstrokies, WVF verklaring, EMP201 verslag, Pensioenfonds verslag, joernaal verslag en lys van name met netto salarisse (nett pay list) wat betaal moet word.

Die kerkkantoor voorsien alle inligting, hanteer verlof, maak betalings gebasseer op verslae, aan werknemers, die Pensioenfonds en SARS. Verlofskedules moet ook maandeliks aan die Sinode voorsien word om dit op die stelsel vas te vang sodat verlof wat op salarisstrokies verskyn korrek weergegee word. Die Sinode kry glad nie toegang tot bankrekeninge nie, en doen ook nie betalings namens gemeentes nie.

Die proses moet nog uitgeklaar word, maar ons beplan om dit **vanaf Maart 2023** te doen.

Die Sinodehuis wil hiermee 'n diens lewer aan gemeentes van ons geloofsfamilie. Indien u gemeente belangstel, voltooi asseblief die volgende vorms elektronies vir die gemeente sowel as elke personeellid:

https://sinoos.co.za/site/wp-content/uploads/2023/01/NewCompanyForm.xlsx
https://sinoos.co.za/site/wp-content/uploads/2023/01/NewEmployeeForm.xlsx

Vorms moet die Sinode teen **3 Februarie 2023** bereik om vir hierdie diens in aanmerking te kom aangesien die nodige pakkette aangekoop en opgestel moet word.

Vir verdere besonderhede of navrae, kontak Cathy Odendaal per epos by finans@sinoos.co.za, of telefonies by (012) 804-9543.

Seëngroete/Blessings

Cathy Odendaal
Bedryfsbestuurder/Operations Manager

finans@sinoos.co.za 012 804 9543
Jan Alberts Laan 1, Val de Grace, Pretoria 0184

HIER IS ONS STUUR ONS